Die Groot Geloofswoordeboek: Selfliefde

Die Groot Geloofswoordeboek: Selfliefde

Selfliefde

Selfliefde is ‘n omstrede begrip. Daar is gelowiges wat dit hoog aanprys en ander wat meen dit is sonde. Sulke uiterste verskille berus dikwels op misverstande. Dit kan in hierdie geval ook so wees. (*Liefde)

Selfliefde: ‘n bevel van Jesus

Daar word ‘n sterk saak uitgemaak vir selfliefde as ‘n goeie saak, selfs ‘n moet. Jesus som die wet in twee gebooie op. Die tweede een lui: Jy moet jou naaste liefhê *soos jouself*. Die argument is nou dat dit beteken jy moet jouself liefhê, en dan moet jy jou naaste ook net soveel liefhê. Dit sou beteken dat selfliefde nie net “mag” is nie, maar selfs ‘n “moet”. Dis ‘n bevel van Jesus. Jy moet jouself liefhê, en jou naaste dan net soveel. Jou liefde vir jouself is die maatstaf van jou liefde vir jou naaste. Dit is die basis van ‘n uitbalanseringsetiek: Ek en my naaste moet ewe veel kry, maar ek is die maatstaf.

Dit word dan verbind aan die goue reël: “Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen” (Matt 7:12). As ons onsself liefhet, sal ons goed weet wat ons graag wil hê, en dit help ons om te weet wat ons aan ons naaste moet doen.

En daarby kom nog die vermaning van Paulus: “Julle moet nie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander” (Fil 2:4).

Dit lyk so met die eerste oogopslag na ‘n sterk argument ten gunste van selfliefde. Sommige formuleer dit só: Gun ander wat

jy self het. En ook: “Charity begins at home.”

Selfliefde: sonde

Maar daar is ook negatiewe oortuigings hieroor. Kom ‘n mens ooit by die naaste uit as jy by jouself begin? Kry jy ooit die ander een in sig as jyself die wêreld volstaan? Augustinus het gesê: Sonde is *incurvatus in se*, opgekrul in jouself, soos ‘n luislang. En dié moet homself eers uitrol, reguit draai en na buite kyk om te kan beweeg. Is Jesus se opdrag regtig dat ons by onsself moet begin? Is dit wat *Hy* gedoen het?

Kom ons begin by Jesus se opsomming van die wet. Die self-liefde-argument eindig met drie gebooie: liefde vir God, liefde vir jouself en liefde vir jou naaste. Maar Jesus sê uitdruklik Hy som die wet in *twee* gebooie op. Skynbaar het Hy nie bedoel “soos jouself” is ‘n gebod nie. Wat dan?

Die goue reël lui natuurlik nie dat ons aan ander moet doen wat ons aan onsself *doen* nie, maar dat ons aan ander moet doen wat ons wil hê dat hulle aan ons moet doen. Dit beteken dat ek my moet indink wat vir my lekker sal wees en dit dan aan ander doen. Dit is heeltemal anders as om eers alles aan jouself te doen en dan aan ander. In die goue reël word jy net ‘n teoretiese maatstaf vir wat jy aan ander moet doen, nie een wat dit eers daadwerklik aan jouself doen nie.

En dan die vermaning van Paulus. Soos dit daar staan, skep dit al die ruimte om by jouself te begin en daarna na die ander oor te beweeg: “Julle moenie *net* elkeen aan sy eie belange dink nie, maar *ook* aan dié van ander.” Dit vra selfs baie minder as die “driegebooie-etiek” waar ‘n mens darem *net soveel* aan ander moet doen as aan jouself. Hier moet jy nou net darem ook ietsie vir ander doen.

Snaaks dat Paulus dit elders “effens” anders skryf, of liewer radikaal anders, met weglating van die “net” en “ook”. Ons

lees: “‘n Mens moet nie jou eie voordeel soek nie, maar dié van ander. Maak soos ek: Ek soek nie my eie belang nie, maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word. Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (1 Kor 10:24, 33; 11:1).

As die “net” en die “ook” uit Filippense 2:4 weggelaat word, is dit ‘n totaal ander etiek. Dan word dit Jesus se voorbeeld wat Paulus dan ook in die Korintiërbrief voorhou. Jesus het mos nie eers aan Homself genoeg gedoen en daarna darem ook ‘n ietsie vir ons nie. Hy het Homself mos radikaal verneder en tekort gedoen om ons te red. “Hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword” (2 Kor 8:9). Dis ‘n gee-etiek, nie ‘n uitbalanseringsetiek nie.

Maar is dit nie dieselfde voorbeeld waarna Paulus in Filippense 2 verwys nie? Gaan hy nie ná die vermaning direk oor om ons op Jesus te wys wat aan God gelyk was, maar dit prysgegee het en aan ‘n slaaf gelyk geword het, en selfs nie die vernederende kruisdood ontsien het om ons te red nie? (Fil 2:5 ev) Hoe pas die “net” en die “ook” van 2:4 in dié verband?

Dis interessant dat die Grieks van Filippense 2:4 dieselfde vorm het as 1 Korintiërs 10, maar dat die vertalers verkies het om hier ‘n “net” en ‘n “ook” in te voeg wat hulle nie in 1 Korintiërs gedoen het nie. As hulle wou vertaal soos in 1 Korintiërs 10 en soos die voorbeeld van Jesus in Filippense direk na hierdie vers ons leer, sou hulle vertaal het: “Julle moenie elkeen aan sy eie belange dink nie, maar juis aan dié van ander.” Dit sou dan ook presies gepas het by die voorafgaande sin wat nie lees: “Julle moet julleself gelyk ag aan die ander een” nie, maar: “Julle moet die ander een hoër ag as julleself.” Daar was nie taalkundig of teologies rede om die “net” en “ook” in Filippense 2:4 te voeg nie. Dit spreek teen die hele ver-band en dit vloek teen Jesus se voorbeeld wat pertinent net daarna in besonderhede behandel word.

Wanneer ons weer kyk na Jesus se opsomming van die wet, is dit

duidelik dat dit teen sy hele lewe en voorbeeld spreek om “soos jouself” as ‘n aparte gebod te sien waaraan ons net so gehoorsaam moet wees as aan “jou naaste liefhê”. En dit is totaal onnodig om mense te beveel om hulself lief te hê. Die groot probleem is dat ons nie daarvan kan afsien nie. Dis ons heerlikste tydverdryf. Dis ‘n kwade dag as dit geïnterpreteer word as ‘n bevel van God. As dit iets is, is dit ‘n verbod van God. God sukkel ons lewe lank om ons te laat afsien van ons liefde vir onsself. Calvyn het gesê ons het nie ‘n gebod nodig om onsself lief te hê nie, dis ons sondige natuur wat ons aanvuur om dit vanself te doen.

“Soos jouself”

Wat beteken “soos jouself” dan? Dis inderdaad die norm vir ons naasteliefde. Soos ons onsself altyd in ons sondige selfsug liefhet en dit die uitgangspunt van ons lewe maak, net so moet ons nou ons naaste liefhê en hom of haar die uitgangspunt van ons doen en late maak. Dis presies wat die goue reël ook sê: Dink mooi wat vir jou lekker sou wees, en doen dit dan aan die ander, nie aan jouself nie.

Maar waar kom die ernstige verdediging van ‘n positiewe self-liefde dan vandaan? Dalk uit ‘n misverstand.

Die misverstand is die betekenis van *liefde in die Bybel. As ons dit wil aflei uit Jesus se optrede, is liefde die bereidheid om vir ander te offer, selfs tot die dood toe. Ek kan my nie vir myself opoffer nie. Liefde is ‘n beweging weg van jouself na die ander. Liefde kos iets, soms alles. Dit maak selfliefde per definisie onmoontlik.

Maar daar is ‘n kernwaarheid in die verdediging van selfliefde. Dit is dat ‘n mens ‘n positiewe selfbeeld moet hê om in staat te wees om lief te hê. Iemand met min selfvertroue kan min gee, en liefde het alles met gee te doen. ‘n Positiewe selfbeeld lei tot respek vir ‘n mens se eie lewe, om

verantwoordelik met jou lewe om te gaan. Maar dit is nie liefde nie. Jesus se liefde was onherroeplik op *ander* gerig.

Waar kry ‘n mens ‘n positiewe selfbeeld? As jy glo wat die evangelie sê, dat God jou (as deel van die wêreld) so liefhet dat Hy sy enigste Seun vir jou gegee het tot in die allerdiepste vernedering, dan het jy waarde vir God; dan kan jy jou kop optel en uitbeweeg na mense in nood. Dít is liefde.

Skrywer: Prof Adrio König